

Grootste PV-aanleg lewer skoon krag

Bedrywighede het einde Junie by die grootste netwerk-verbindinge fotovoltaiiese (PV) aanleg in Namibië begin nadat HopSol werk by die Otjozondjupa Solar Park buite Grootfontein voltooi het.

Dié aanleg is die eerste voltooië projek van 14 wat deel is van NamPower se REFIT-program wat ten doel het om hernubare energie-oplossings te bied om in die land se kragaanvraag te voorsien.

Die aanleg is deur HopSol opgerig en het werk aan sowat 40 inwoners van die omgewing verskaf deur die loop van die drie maandelange konstruksietydperk. Nog 10 plaaslike inwoners is permanent by die aanleg aangestel. Die 5MW (PV) kragaanleg voorsien in sowat 1% van die land se totale opwekkingskapasiteit. Die projek verskaf

bykans 14.000 megawattuur se krag per jaar aan NamPower, wat genoeg is om 3700 gemiddelde huishoudings in Namibië van krag te voorsien.

Die land het tans 'n totale opwekkingskapasiteit van sowat 500MW en voer meer as die helfte van sy krag van die Suider-Afrikaanse Kragpoel (SAPP) in.

Die PV-aanleg bestaan uit 52 000 "dunfilm solar modules" van First Solar, 'n Amerikaanse maatskappy wat die wêreldleier in dié tegnologie is. Die sonpaneel is gemonteer op 'n enkel-as opsporingstelsel van die Duitse maatskappy IdeemTec om energievelde te maksimaliseer, terwyl SMA – ook van Duitsland – hoë gehalte omsetter-tegnologie voorsien.

Hierdie aanleg bestaan uit die mees eko-doeltreffende PV-tegnologie, met

die laagste omgewingsimpak van enige soort hernubare tegnologie.

"Ons het betroubare tegnologie gesoek wat sougedy in Namibië se hoë temperatuur wat algemeen in die somermaande is, maar wat ook krag sou kon voorsien in bewolkte omstandighede," het dr. Robert Hopperditzel van HopSol gesê oor sy besluit op First Solar se tegnologie. "Eintlik, gegrand op ons ondervinding in sonkrag, sal dié modules meer energie in Namibië kan lewer as konvensionele polikristallyn PV-paneel," het hy gesê.

Die aanleg sal veilige en skoon PV-energie verskaf en maak Namibië se afhanklikheid van die invoer van krag minder.

Met sy kleinste koolstofvoetspoor, die minimale gebruik van water en die vinnigste energie-terug-

betalings tyd in die bedryf, voorsien die dun-film PV-modules 'n volhoubare oplossing tot klimaatverandering, watertekort en energiesekeriteit. Die Otjozondjupa Solar Park demonstreer dus daadwerklik die rol wat koste-effektiewe sonkrag kan speel in 'n onafhanklike kragproduksie-ekosistelsel.

HopSol het verlede jaar 'n ander 5MW-sonkragaanleg op Otjiwarongo in werking gestel wat sedertdien skoon en betroubare energie daar verskaf.



Bedrywighede het einde Junie by die grootste netwerk-verbindinge fotovoltaiiese (PV) aanleg in Namibië begin ná HopSol werk by die Otjozondjupa Solar Park buite Grootfontein voltooi het. FOTO: VERSKAF



Grootfontein Oesfees

Grootfontein Boerevereniging bied op

07 Augustus om 10:00 uur die Grootfontein Oesfees aan

